VK-nuusbrief: **12 Februarie 2007**

Beste kollegas en studente

Aan die begin van die akademiese jaar heet ek graag elke personeellid en student welkom. Mag 2007 nóg 'n goeie jaar vir ons almal by die NWU wees. Die afgelope drie jaar was inderdaad moeilik en intens, maar ons het baie bereik, veral wat betref die vestiging van eenvormige beleid, stelsels en prosedures, en nog belangriker, stabiliteit in ons kernbesigheid.

Die senior bestuurskomponent het die jaar begin deur op twee vlakke oor ons aktiwiteite na te dink:

- Die Institusionele Bestuur het individueel met alle dekane in gesprek getree om elke fakulteit se plan vir 2007 te evalueer, asook hoe dit met die oorkoepelende doelstellings van die institusionele plan verband hou. Ek is uiters positief oor al die inisiatiewe en sien uit na 'n meer gefokuste benadering in 2007.
- Die senior bestuur op kampus- sowel as institusionele vlak het ook met die strateeg Tony Manning oorleg gepleeg en spesifiek op die implementering van strategieë gefokus. Aan die einde van hierdie sessies het ons besef dat die NWU in 'n sin (soos enige onderneming) aan die einde van sy "lewensiklus" gekom het. As ons wil seker maak dat die NWU tot 'n hoër vlak gevoer word, sal sekere ingrepe nodig wees.

In hierdie verband bly dit ons oorkoepelende strategiese doelwit om teen 2010 'n doeltreffende en getransformeerde onderrig-leer- en navorsingsuniversiteit te wees. In hierdie komende jaar moet ons verdere momentum onder weg na hierdie strategiese doelwit verkry, in die besef dat ons individuele fokus (op taakooreenkomsvlak) en kampusfokus wel van mekaar kan verskil, maar dat ons oorkoepelend daartoe verbind moet wees om hierdie strategiese doelwit te verwesenlik. Vir 2007 kan ons 'n bydrae lewer deur op die volgende prioriteitsgebiede te fokus:

Goeie en stewige onderrig-leer ten einde die deurvloeisyfer te verbeter, en ook om hard te werk om die mikpunte met betrekking tot die belyning van programme oor die kampusse heen te verwesenlik. In hierdie opsig het alle akademiese personeel groot geleenthede, nie net in die lesinglokaal nie, maar ook in die besprekings omtrent die programbelyning.

Verbeterde navorsing (insluitende innovasie), met die fokus op die bou van navorsingskapasiteit en die doeltreffende bestuur van hulpbronne. Verskillende kampusse het in hierdie opsig verskillende strategieë, maar die oorkoepelende doelwit is om ons navorsingsuitset te verbeter en te konsolideer.

Versekering dat die bestuursfilosofie en -praktyke binne die unitêre multikampus-konteks op alle vlakke bevorder en geïmplementeer word, met klem op die implementering van die bestuursfilosofie van persoonlike aanspreeklikheid. Alle bestuurders (akademies en ondersteuning) het 'n groot verantwoordelikheid om persoonlike aanspreeklikheid vir hul take te aanvaar, en om dieselfde verantwoordelikheidsin te kweek by almal wat aan hulle rapporteer.

Versekering van die optimale benutting van stelsels en prosesse op alle vlakke om die sukses van die kernbesigheid te bevorder. Ons het goeie vordering met verskeie stelsels gemaak, in die besonder met Oracle. Dit is nou ons almal se taak om toe te sien dat hierdie stelsels die kernbesigheid bevorder en dit nie belemmer nie.

Versekering van 'n sterk fokus op kwaliteitsversekering en toereikende voorbereiding vir die Institusionele Oudit in 2008. Ons moet goed voorberei en onsself in die loop van hierdie jaar eerlik evalueer. Kwaliteit moet gedurende 2007 die wagwoord word, en ons almal moet die implikasies van kwaliteitsversekering vir ons alledaagse werk in gedagte hou.

Vanuit 'n bestuursoogpunt sal ons ook deur 'n aantal projekte op die posisionering van die NWU fokus, naamlik: die handelsmerkvestiging van die NWU; die totstandbrenging van die Sokkerinstituut op die Mafikengkampus; 'n hernude fokus op internasionalisering; 'n verbetering in ons bestuursinligting; en die ondersoek van die vooruitsigte om 'n nagraadse loopbaansentrum by die NWU te vestig ten einde dié gaping tussen die NWU en die mark te oorbrug.

Ons was gedurende die afgelope drie jaar suksesvol in die bou van strukture, beleid en prosesse, sowel as in die verbetering van ons kernbesigheid. Ten einde dit vol te hou en suksesvol te bly, moet ons ons inspanning tot 'n nuwe vlak verhoog. My beroep op u is dus dat ons almal gedurende 2007 sal saamwerk om die NWU en ons kernbesigheid tot nuwe hoogtes te voer. En die belangrikste van alles: Laat ons geniet wat ons doen!

Vriendelike groete

Theuns Eloff
Visekanselier